# Gaan Ons Wêreld Regtig Eindig?

Vervolg van p. 10

woorde en gesigte geheim gehou en verseël moes word *"tot die tyd van die einde toe!"*

Ons weet almal dat 'n kennis-ontploffing op álle gebiede (ook op die terrein van die geestelike) die afgelope aantal jare plaasgevind het en steeds toeneem en dat ons onsself al hoe meer op 'n super-snelweg van inligtinginsameling bevind!

## 13. POSTMODERNISME

Sedert die laaste dekade van die vorige eeu het postmodernisme as 'n filosofie en leefwyse vinnig inslag in baie wêrelddele gekry. Nuwe kulturele gebruike vorm nou skering en inslag van ons hedendaagse lewe.

Individue bepaal hul eie lewenstyl wat nie noodwendig met die Bybel, met sosiaal erkende standaarde, of met familie-tradisies ooreenstem nie. 'n Sleutelbegrip waarvan ons kennis moet neem, is *"dekonstruksie."* Dit beteken dat ou samelewingsordes afgebreek word omdat dit nie meer vir die postmoderne mens aanvaarbaar is nie. Elke mens word nou volkome vry verklaar om sy of haar eie lewenswyse te bepaal.

Hierdie nuwe denkpatroon lei gewoonlik op godsdienstige vlak tot 'n baie liberale vorm van die Christendom waarin alles net om die mens en sy sekulêre belange gaan. Baie mense verkies om agnosties te wees en nie regtig in iets bonatuurliks te glo nie. Ander verval weer in intergeloofsdenke waarin hulle gebruike uit verskillende godsdienste met mekaar vermeng. Sulke mense probeer selfs om die Oosterse en Afrika-gelowe met die Bybel te versoen op grond van 'n aanname dat almal dieselfde God aanbid.

Daar word ook gedurig aanvalle geloods op Christen-byeenkomste of selfs net vergaderings. In Oos-Sussex, Engeland, is die Stadsraad van Crowborough asook die Gemeenteraad van Mayfield op 30 September 2011 sterk aangespreek en gewaarsku dat daar nie voor of tydens raadsvergaderings gebid mag word nie, aangesien dit nie-gelowiges of ander godsdiensgroepe aanstoot mag gee.

## 14. DIE NUWE WÊRELDORDE

Uit die puinhope van die ou orde wat in die proses is om heeltemal afgebreek te word, verrys daar 'n nuwe wêreldorde van internasionale eenheid of globalisme. Dit het die volgende belangrike implikasies:

¦ Nasionalisme word deur internasionalisme vervang. Dit word as outyds, eng en verdelend beskou om jou aan "uitgediende" volksgrense of grense van nasionale eenheid gebonde te ag. Die mens moet vir homself breër horisonne skep. Nasionale identiteit moet deur 'n groter streeksidentiteit vervang word. Almal in Europa moet hulself Europeërs noem, eerder as Engelse, Franse, Duitsers, ens. Hulle moet al hoe meer magte aan die Europese regering oordra en verkieslik ook net van 'n Europese geldeenheid en 'n Europese paspoort gebruik maak. Sodoende moet grense tussen lande geleidelik verdwyn soos wat hulle in 'n superstaat opgaan.

Op dieselfde manier moet daar ook Afrika-eenheid, Amerikaanse eenheid, Asiatiese eenheid en Midde-Oosterse eenheid geskep word. Die einddoelwit is dat al die streke in 'n wêreldstaat opgaan waarin alle lande en kontinente polities verenig word om onder die beheer van 'n enkele regering te staan.

Niemand moet die mag of reg hê om op plaaslike vlak van die wêreld-regering se beginsels en doelstellings af te wyk nie.

¦ Die wêreldekonomie moet sentraal beheer word. Om dit te kan doen, moet daar eers 'n wêreld-regering met uitvoerende magte wees. Ter wille van meer doeltreffende beheer moet daar ook 'n kontantlose stelsel van geldoorplasing wees wat sentraal beheer word. Só 'n stelsel kan gebruik word om alle finansiële transaksies én bewegings van ekonomies aktiewe persone te monitor. Die vryhede van mense sal hierdeur aansienlik beperk word. Die rekenaartegnologie vir só 'n stelsel is reeds ontwikkel.

¦ Grense tussen verskillende gelowe moet versag word. Daar word redelik algemeen deur voorstanders van 'n nuwe wêreldorde geredeneer dat daar ''n mistiese, godsdienstige broederskap tussen alle mense geskep moet word sodat dit as die grondslag vir ander vorms van eenheid kan dien. Die intergeloofsbeweging is uit hierdie gedagte gebore. Hulle uitgangspunt is dat alle gelowe dieselfde God aanbid, en dus veel by mekaar kan leer oor hoe om God beter te verstaan en te dien.

¦ Kosmiese eenheid die einddoel. In verskeie Nuwe Era-groepe word die idee gehuldig dat kosmiese eenheid die einddoel van die Nuwe Wêreldorde is. Volgens hulle is die rede vir die mens se groepsgebondenheid en eng denkpatroon die feit dat hy nog nie by die groter kosmiese werklikheid ingeskakel is nie. Hulle leer mense om deur transendentale meditasie en ander vorms van kontemplasie 'n nuwe spiritualiteit te ontwikkel wat multi-godsdienstig en misties is. Dit werk glo gevoelens van eenheid en vrede tussen alle mense in die hand.

¦ Kultuur moet eklekties ('n uitkies van die beste uit verskillende style, denkrigtings, idees, en opvattings) bepaal word. Kulturele verskeidenheid in die wêreld word aanvaar, maar dit moet nie eng beoefen word nie. Daar word eerder 'n geleidelike samevloeiing van kulture voorgestaan. Westerlinge word bv. aangemoedig om hulle materialisme, koue, logiese denke en besige lewenswyse deur middel van Oosterse meditasie aan te vul. Dit word ter wille van ontspanning en 'n nuwe selfbewussyn gedoen. In postmoderne denke is dit mode om volgens eie smaak jou kapitalistiese leefwyse met aspekte van Boeddhisme, Hindoeïsme, Afrika-spiritisme of ander tradisies te vermeng.

## 15. SWAK EN ARROGANTE LEIERSKAP

Talle wêreldleiers se leierskap word gekenmerk deur korrupsie en onbevoegde besluitneming. Hulle is arrogant en selfgenoegsaam en dink nie eens daaraan om die Woord van God in ag te neem wanneer hulle oor belangrike sake besin, samesprekings voer, of belangrike besluite moet neem nie. Omdat sonde en ongeregtigheid tans in die wêreld seëvier, doen baie leiers ook net wat hulle wil. Geen ander mens of politieke opponent kan hulle iets leer nie en mettertyd ontaard hulle en word tiranne wat dink hulle is onaantasbaar. Natuurlik het hierdie houding en optrede van leiers 'n geweldige uitwerking op die lewens van die onderskeie bevolkingsgroepe wat hulle veronderstel is om te "dien".

## 16. DIE KONINKRYK-NOU-TEOLOGIE

Misleide gelowiges het nie 'n sterk ingesteldheid op die hiernamaalse lewe en die openbaring van Christus se Koninkryk tydens Sy Wederkoms nie. Hulle wil eerder hier en nou 'n koninkryk hê waarin hulle al die seëninge van rykdom, heerskappy oor die mensdom, vrede op aarde en probleemvryheid op alle terreine kan geniet. Hulle hou transformasie-byeenkomste om híérdie koninkryk nou reeds te vestig, en voer ook strategiese geestelike oorlogvoering om Satan van alle mag wat hy op aarde het, te ontneem.

Hulle aanvaar glad nie die feit dat ons nou vreemdelinge en bywoners in 'n wêreld is wat in die mag van die Bose lê nie:

*"Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê"* (1 Johannes 5:19 OV).

Hulle kan ook nie die duidelike uitsprake aanvaar dat Christene in hierdie aardse bedeling vervolg sal word nie.

*"As die wêreld julle haat, onthou: Hy het My voor julle gehaat. As julle aan die wêreld behoort het, sou die wêreld julle as sy eiendom liefgehad het. Omdat julle egter nie aan die wêreld behoort nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het, daarom haat die wêreld julle"* (Johannes 15:18-19 NV).

*"Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolg word"* (2 Timoteus 3:12 NV).

*"Geliefdes, moenie verbaas wees oor die vuurproef waaraan julle onderwerp word nie. Dit is nie iets vreemds wat met julle gebeur nie. Wees liewer bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by Sy wederkoms in heerlikheid"* (1 Petrus 4:12-13 NV).

Die "koninkryk-nou"-aanhangers glo dat die wêreld as gevolg van hul eie geloof en menslike pogings 'n beter plek sal word totdat hierdie koninkryk ten volle geopenbaar is. Hulle aanvaar nie Bybelse profesieë wat sê dat die wêreld al hoe slegter gaan word en op die openbaring van die Antichris as "die mens van sonde" afstuur nie:

*"Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is"* (2 Thessalonisense 2:3-4 OV).

## 17. 'N ANDER TEOLOGIE

Daar is vandag baie teoloë wat verskeie Bybelse aansprake/feite ontken. Die Skeppingsverhaal in Genesis word ontken. Die ingebore sondigheid van die mens word verwerp. Die Goddelike inspirasie van die Bybel word betwis. Die Bybel is nie meer "God se Woord" nie, maar "Woorde oor God". Die maagdelike geboorte en Godheid van Jesus Christus word afgewys. Hy was 'n blote mens en gewetenlose sondaars stel Hom in godslasterlike Hollywood-films soos *Jesus Christ Superstar*, *The Last Temptation of Christ* en *Jesus of Montreal* as 'n tipiese sondaar voor. Maar volgens sommige ander kan Hy miskien 'n groot profeet wees wat dalk 'n rol as universele Messias van alle gelowe kan speel. Sy opstanding uit die dood, die hemelvaart, en Sy Wederkoms word egter sterk betwyfel.

Vervolg op p. 12